GETUIENIS

EK, Dawid Saayman is op 23/12/1945 op n plaas PLATKOP, in die distrik van RIVERSDAL gebore.
Vanaf geboorte was ek baie sieklik en geweldig klein van postuur. Afgesien daarvan was daar baie gelukkige tye op die plaas. Een van my herinneringe was my ervaring tydens speelsessies in die Bloekombos op die plaas.

Februarie 1954 is die plaas verkoop weens my oorlede vader se gesondheid en is hy gevolglik ook op 7/9/1954 oorlede. Ek was toe 8 jaar oud.

My eerste jaar op skool in 1953 was ek in die koshuis waar ek in n kamer geplaas is saam met 3 matriek seuns. Kwansuis om n ogie oor my te hou , aangesien ek so tingerig en klein was. My hoerskool dae het ook nie so rooskleurig begin nie.Langs die skool was ook n Bloekombos en moes al die Standard 6 leerlinge gedurende die Ontgroeningstyd vir ure in die bos deurbring. Die nut daarvan op daardie stadium was onverklaarbaar, maar sou in latere jare na vore kom. Uit die aard van die saak was ek ook n swak presteerder, met die gevolg n swak selfbeeld. Alhoewel ek in sport uitgeblink het, is ek ook telkemale oor die hoof gesien, wanneer dit by spankeuses kom.

Soos baie ander het ek in n Christenhuis grootgeword, waar kerkdienste gereeld bygewoon is en waar gereeld huisgodsdiens gehou is en weeklikse byeenkomste (bidure) gereeld bygewoon is. Vanaf 1954 in n enkel-ouer-huis, as gevolg van my pa se afsterwe.

Ten spyte van dit alles het ek besef dat dit nie van my n Christen gemaak het nie, maar nie voor ek in Januarie 1963 n weder gebore Christen geword het en my lewe geheel en al aan God gegee het en Hom aangeneem het as my Enigste Verlosser en Saligmaker.

Daarna was ek op skool n CSV (Christen Studente Vereniging) Kringleier. Ek het ook op Sondae op plase vir Kleurlingkinders Sondagskool (Kategese) gegee.

In Januarie 1966 het ek in Volkskas Bank begin werk waarna ek my beste helfte Marina Haasbroek ontmoet het. (en dit is regtig so). Ons is op 19/12/1970 getroud en is twee wonderlike Godgegewe dogters uit die huwelik gebore.

Gedurende al my naskoolse jare het ek my gedurig tot my Heer se beskikking gestel en het ek ook op elke plek waar ons gebly het, as gevolg van baie verplasings deur my Werkgewer, my beskikbaar gestel in die gemeentes waar ons gebly het en het so in verskeie gemeentes op die Kerkraad gedien en ook my gewig ingegooi en op verskeie kommissies gedien.

Soos wat God vir Satan gese het , hier is my kind Job, maak met hom soos jy wil, maar jy raak nie aan sy lewe nie, so het God ook in 1993 vir Satan toegelaat om met my lewe te maak wat hy graag wou, maar nie aan my lewe te raak nie.

Net soos Satan vir Jesus in die woestyn in die versoeking wou ly, so het hy gereeld 2 tot 3 keer per jaar vir ongeveer 12 jaar lank, my ook versoek om my hand aan my eie lewe te slaan. Onnodig om te se is dat hy, Satan n baie erge Major Depressie oor my gebring het. Twaalf jaar van uiterste hel en pyn.

Dit is baie moeilik om te se wat gedurende hierdie 12 jaar alles met my gebeur het, aangesien sekere van die behandeling wat ek ontvang het, sekere dele van my geheue totaal uitgewis het.

Op 22/6/1996 was ek en Marina op pad huis toe vanaf die werk , toe sy my vertel het van een van haar kollegas wat dood is. My reaksie was dadelik een van selfbejammering en het laat deurskemer, waarom was dit nie liewers "ek" nie. Sy het nie kommentaar op my uitlating gegee nie, maar tog gevra of ek nie by ons huisdokter sal stilhou nie. Ek het tog haar versoek gehoorsaam. Ek het in die motor vir haar gewag. Na genoeg 10 minute het die dokter my by die motor kom groet en my meegedeel dat ek binne n uur by Vista Kliniek moet aanmeld . Teen strubbeling het nie gehelp nie. Sy deel toe ook mee dat ek vir alle

praktiese redes klaar gewerk het, en nie weer terug te gaan na die Bank toe nie. Alles is klaar gereel. Vanaf daardie oomblik is ek met Ongeskikheids Pensioen.

Die volgende 7 jaar was ek letterlik tot niks in staat nie. Ek het die hele tyd net voor my uitgestaar. Al my kerklike verpligtinge het ek gestaak. Op daardie stadium het ek Kategese gegee, op kommissies in die Kerkraad gedien, n Ouderlingswyk gehad, lid van die Evangelisasie – aksie groep, Omgegee-groep leier gewees. My fisiese toestand het so versleg dat ek soms genoodsaak was om my kos met n lepel te eet , in stede van met n vurk en n mes. By tye het Marina my gevoer. Ek het so gebewe dat ek nie n glas, koppie, ens kon vashou nie. My toestand het so versleg, my gedagtes het so gedwaal, ek het nie meer kerkdienste bygewoon nie, kon nie meer sing nie, ek kon selfs nie meer bid nie, wat nog te se skryf, ek kon selfs nie my bybel lees nie. Onnodig om te se, alle kwaliteit lewe, was as gevolg van my erge depressie daarmee heen.

Ek het in alles net die verkeerde, negatiewe raakgesien. Ek was ook geweldig opstandig en agressief teenoor almal, maar veral teen my kerk, baie van die lidmate, asook teenoor die leraars. Veral teenoor wat nie gedoen word nie, wat tot my mening in my tyd van my "in die put" dae skipbreuk gely het. Die Duiwel het daarin geslaag om dit wat my die meeste na aan die hart le, aan te val. Agressiwiteit het daagliks voorgekom. Ek het selfs by geleentheid vir Marina, my vrou, in die gang van ons huis vasgedruk om haar uit die weg te ruim. Met die gevolg dat sy altyd in vrees gelewe het.

Tydens n begrafnisdiens van n familielid, het ek vir hulp aangeklop by een van die familielede. Die hele 12 jaar van my depressie het ek menigmaal gehoop vir n wonderwerk vir verlossing en/of genesing. Ek het vir Kobus (Ds. J J Crous) n Emmeritus Predikant en Sielkundige gese dat ek graag met hom wil gesels, maar dat ek tog bang is vir die familie faktor wat hier ter sprake sou wees. Begin Desember 2004 het ek hom genader en besoek en my hart teenoor hom (en my God) leeg gemaak.
Hy (Kobus) het toe my maandeliks behandel volgens die "Theo Fostic" metode. In kort kom dit daarop neer dat ek,hy en ons Hemelse Vader vir baie ure in afsondering in gesprek deurgebring het.

Die talle behandelings en besoeke aan psigiaters, sielkundiges, (selfs hipnose), dokters was wel by tye n verligting, maar kon geen totale genesing bewerkstellig nie. Dit is selfs aan my meegedeel dat ek vir die res van my lewe met die depressie sal moet saam leef.

Tydens een van hierdie besoeke het ek aan hom genoem dat ek geweldig gepla word deur gebeure tydens n Bemarkings Vergadering by die werk, dit was n paar maande voor my aftrede by die werk agv Depressie en ek op Ongeskiktheids Pensioen geplaas is. Terwyl ek met my toe oe gesit het en net gefokus het op die beelde wat die Here vir my openbaar het en voor my geestesoog gele het, het Kobus vir die Here gevra om die beeld vir my baie duideliker te maak. Ek het die geleentheid gekry om almal, een vir een, wat in die vergadering daardie spesifieke dag teenwoordig was, voor God te vergewe, waarna Kobus die Here gevra het dat as dit Sy Wil is om die beeld vir ewig en altyd uit my en van my weg te neem. Nou moet ons onthou dat ons tyd nie die Here se tyd is nie. Daar het n redelike lang stilte geheers, alvorens die beeld stadig maar seker voor my weg begin beweeg het. Dit het stadig, baie, baie stadig van links na regs uit my gesigsveld verdwyn. Nou na meer as n jaar is die beeld steeds weg en het dit my nog nooit weer gepla nie. Wonderlik om te se dat ek daardie persone kon vergewe.

Met die vakansietyd van Desember 2005 – Januarie 2006, het ek weer n geweldige laagte punt beleef. Laat middag, dit was al skemer van 1 Januarie 2006 het ek weer uit die huis gestorm om op n afgelee plek my eie lewe te gaan neem, want alles het net weer te veel geword vir my. Toe ek by die agterdeur uitstorm het Marina my van agter aan die skouers beetgekry en my teruggepluk in die huis. Sy het gese, tot hiertoe en nie verder nie. Meteens het dit tot my deurgedring dat Kobus my gevra het, dat wanneer ek op so n punt van moed-verloor-wil-nie-meer-leef kom, moet ek hom onmiddellik skakel. Tot my spyt was hy op daardie stadium in die Kaap met verlof, maar dat hy die 23ste Januarie weer tuis sal wees en dan weer begin werk. Ek is toe deur hom genooi om saam met n groep ander pasiente vir daaglikse behandeling , wat vir n week sou duur te gaan. Dit het plaasgevind by die NG Kerk se terrein Emmerentia Geldenhuys te Warmbad. Met my aankoms daar is ek meegedeel dat die groep gekanselleer is en dat hy die hele week sy tyd aan my gaan spandeer. Ons het elke dag vir 3 ure in die oggend en 3 ure in die middag bymekaar gekom.

Eers het die Here die mooi bloekombos (op die plaas) gebruik om die lelike bloekombos (ontgroening in Standerd 6) uit te kanselleer en uit te wis. Onnodig om te se dat al die slegte herinneringe en negatiewe van my Hoerskool jare uit die weggeruim was.

Die Here het my ook die beeld gegee van my koshuiskamer in Graad 1. My slaapkamer het duidelik na vore gekom, en veral my bed waarop ek geslaap het, asook die 3 ander beddens van die Matriek seuns. Die beddens het elk n wit laken oorgehad. Die Here het natuurlik nie die 3 Matriek seuns se gesigte of profiele gewys nie, juis omdat Hy nie daar deur die persoon wil aanval nie, maar wel die daad (sonde). Ons het die Here gevra om die lakens aft e haal vanaf die beddens, wat toe ook wel gebeur het. Duidelik kon ek toe slegs n VUIL, VAAL KLAPPERHAAR MATRAS waarneem. (Let op die drie aaklige woorde). Op hierdie stadium was ek so uitgeput dat ons eers n teepouse geneem het. Tydens hierdie onderbreking het ek aan Kobus gemeld dat ek ook n swart muur in die kamer sien en ek nie kan sien wat daar agter skuil nie. Met die aanvang van ons sessie na tee, het ons , ek en Kobus vir die Here gevra dat as dit moontlik is om die swartmuur vir my weg te neem, wat die Here toe ook gedoen het. Daar het toe drie klere kaste verskyn met n aantal drankbottels bo-op. Die Here het toe ook vir my drie seuns (let wel sonder gesigte) gewys. Die seuns het my met messe gedreig as ek sou praat. Dit is seker onnodig om te se watter vrees , bangheid dit op n Graad1 seuntjie geplaas en gehad het. Dit was egter nog nie die einde van my smart en leiding nie. Die Here het ook hierdie beeld van die drankbottels gebruik om iets te openbaar wat deel gevorm het van my ellende, en wel na iets wat plaasgevind het toe ek maar net 4 jaar oud was.

Ek moet egter meld dat my pa ook by tye n drankie geneem het. Nooit besef dat dit so n indruk op so n jong kind kan he nie. Op n betrokke dag het ons van die plaas na die dorp gegaan vir inkopies en besigheid. Soos die gewoonte het hy by die hotel stilgehou vir sy gebruiklike drankie(s). Soos die noodlot dit wou gehad het, kon ek my pa vanuit die motor deur die hotel se deur in die kroeg sien sit met n glas in sy hand. As vierjarige nie verstaan waarom moet ek alleen agterbly in die motor nie. Hierdie beeld, situasie, gebeure het die Satan gebruik as anker en vastrapplek in my lewe om alles wat daarna met my gebeur het, of verkeerd geloop het, aan vas te hak.

Nodeloos om te se ek was stukkend, stukkend, STUKKEND. Sakdoeke, selfs n rol handdoekpapier was nie genoeg om die trane op te droog nie. Ek is toe die geleentheid gegun om my pa te vergewe en wat ek met groot graagte en met baie, baie trane gedoen het. Ek het ook die begeerte uitgespreek dat ek en my pa mekaar weer voor God se aangesig sal kan ontmoet. Wat n voorreg was dit nie, dat ek my pa na 56 jaar behoorlik kon vergewe het.

Ek kan natuurlik nie ons Hemelse Vader genoeg dank en prys vir die geleentheid nie. Wat n voorreg het ek nie om Hom steeds te dank en ook in die toekoms vir ewig dank verskuldig is, vir wat Hy met my op 25 Januarie 2006 laat gebeur het.

Kobus het my toe meegedeel dat ek nog vir n paar dae moeg en siek sal voel en dat ek, as ek na 14 dae nie beter is nie, hom gerus weer moet kontak. Ek was vir ongeveer 6 dae nog baie siek, maar het die Woensdagoggend, 1 Februarie opgestaan met n gevoel dat daar iets wonderbaarlik binne–in my gebeur. Ek het my motorhuis bestorm , begin regpak en begin houtwerk doen. Met ongeveer 30jaar Handelsbank ondervinding , het ek geen ondervinding in enige vorm van houtwerk nie. Die Here het my so wonderbaarlik gelei en gewys wat om te doen, watter stuk gereedskap om te gebruik, waar en wanneer en dit is vir my n Hemelse vreugde en n vooruitsig om elke dag ook Sy hulp en genade in die motorhuis te ervaar.

Dis is vir my so wonderlik dat ek ELKE DAG met n WONDERLIKE geesdrif en uitdaging en GENADE kan aanpak. Ek soek ook gedurig na geleentheide waar ek my GOD kan loof en prys en Sy naam groot te maak. Dit is natuurlik vir my baie moeilik om iets vir my medemens teen n prys te doen want ALLES wat ek doen is tot eer van my HEER en wonderlike KONING.

Baie mense was tot die mening dat ek nie gerus moet wees nie en dat dit slegs n tydelike genesing was, Maar wat ek tot dusver beleef en ervaar het, is n besliste en ewige genesing van die afgelope 12 jaar se depressie en jarelange oorsake wat hiertoe gely het.

Soos die vrou wat ook 12 jaar siek was (Bloedvloeiing , sien Markus 5:25-34) in n oogwink gesond geword het, het God my ook in n oogwink gesond gemaak.

Ek is ook by geleentheid gevra wat my siekte aan my gedoen het en vir my beteken het. Nog voordat ek kon dink wat om te se, toe borrel die woorde onvoorwaardelik uit my mond, Ek het n MEER, GROTER, STERKER EN GEESVERVULDE CHRISTEN aan die ander kant uitgekom as wat ek 12 jaar gelede daarin gegaan het.

Omdat Satan ook hierdie stryd verloor het, los hy my nogtans nie uit nie, maar is dit nou vir my makliker om sy aanslae en listige planne raak te sien en te bowe te kom. Natuurlik met die hulp van God se Genade en liefde.

Nou kan ek met vreugde Liedboek Nr 510 vers 1 en 4 sing.